*Die avonture van die*

# AFRIKAANS-EKSPO

#boeke

2021



ekspo.fak.org.za

fak

tuiste. trots. toekoms.



# Inhoudsopgawe


| ALGEMEEN | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | Wat is die Internasionale Afrikaans-Ekspo? | 3 |
| 2. | Wie kan deelneem? | 3 |
| 3. | Hoe om deel te neem | 3 |
| 4. | Tema van die jaar | 3 |
| 5. | Sperdatum | 4 |
| 6. | Inskrywingsgeld | 4 |
| 7. | Verskillende fases van beoordeling | 4 |
| 8. | Beoordeling en erkenning | 5 |
| 9. | Algemene reëls | 5 |
| 10. | Webblad-inskrywings | 5 |
| 11. | Navrae | 5 |

**KATEGORIEVOORSKRIFTE**

| | |
|---|---|
| Dagboekinskrywing | 6 |
| Resensie | 9 |
| Opstel | 11 |
| Kortverhaal | 14 |
| Poësie | 16 |
| Voordrag | 18 |
| Fotografie | 20 |
| Kuns | 22 |
| - Skilderkuns | |
| - Tekenkuns | |

**INSKRYWINGSVORM** **24**

# Algemeen



### 1. WAT IS DIE INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPO?

Die Internasionale Afrikaans-Ekspo is 'n opwindende skryfkompetisie wat veral fokus op leerders en studente se kreatiewe hantering van Afrikaans. Tesame met die feit dat dit pret is om deel te neem.

### 2. WIE KAN DEELNEEM?

**Poësie, Voordrag en Kuns:**

Alle graad 1- tot 12-leerders en studente.

**Dagboekinskrywing, Resensie, Opstel, Kortverhaal en Fotografie:**

Alle graad 6- tot 12-leerders en studente.

Leerders en studente in Suid-Afrika en Namibië asook enige land ter wêreld waar Afrikaans as moedertaal of nie-moedertaal gebruik word of bestudeer word. Dit sluit onder meer in Wes- en Oos-Europa, Australië en Nieu-Seeland, Kanada en die VSA. Ons moedig veral ook studente van Afrikaansdepartemente aan universiteite regoor die wêreld aan om deel te neem. Op hierdie wyse sprei Afrikaans sy internasionale vlerke.

### 3. HOE OM DEEL TE NEEM

Inskrywings kan op 2 maniere ingedien word:

- Dagboekinskrywing, fotografie, resensie, opstel, gedig, kortverhaal en voordrag moet **aanlyn by ekspo.fak.org.za** ingeskryf word. Wanneer die leerder inskryf, ontvang hy/sy 'n verwysingsnommer wat bevestig dat die inskrywing ontvang is. Neem kennis dat die dagboekinskrywing, resensie, opstel, gedig en kortverhaal in pdf-, jpeg- of Word-formaat aangeheg moet word. Die foto **MOET** in jpeg-formaat aangeheg word.
- Kunswerke moet **per hand by die FAK-kantoor** ingedien word. Die adres wat gebruik word is: FAK-Kantoor, Voortrekkermonumentterrein, h.v. Eeufeeslaan en Ou Johannesburgweg, Pretoria. Skilder- en tekenkuns **MAG SLEGS** per hand ingehandig word. Elke inskrywing moet vergesel wees van 'n volledig ingevulde **inskrywingsvorm** en ook 'n kort beskrywing van die kunswerk.

### 4. TEMA VAN DIE JAAR

***Hierdie jaar se tema is BOEKE!***

***Lank lank gelede ...***

Reeds in 1856 gee Afrikaanse sy eerste tree met die eerste gepubliseerde Afrikaanse teks. Van daar af ontstaan die eerste gewilde stories in Afrikaans. Stories soos die *Drie varkies, Aspoestertjie, Kringe in 'n bos, Maasdorp, Trompie, Saartjie* en vele meer. Nou honderd vyf en sestig jaar later is Afrikaanse boeke steeds 'n gewilde tydverdryf waar oud en jonk hulle in die verhale van karakters kan inleef.

Ons dink aan legendes soos o.a. Dalene Matthee, Stella Blakemore, Bettie Naudé en Topsy Smith wat baanbrekerswerk verrig het. Natuurlik is daar ook vandag skrywers soos o.a. Jaco Jacobs, Christien Neser, Carina Diedericks-Hugo en Cathy Hopkins wat nuwe pret en plesier tot Afrikaanse BOEKE voeg.

Natuurlik baljaar ons nie net in die stories van ons karakters nie, maar leer ook lesse van wat reg en verkeerd is. Rooikappie sal vir jou sê dat jy nie sommer enige iemand moet vertrou nie en die drie varkies om eerder alles wat jy doen van die begin af reg te doen.

Afrikaanse boeke lees nie net lekker nie, maar beeld ook die storie met die mooiste woorde uit. Die boeke verander ook soms in rolprente wat familietyd en plesier verskaf. Boeke sal altyd vir ons 'n weg gee om van die besige lewe te ontsnap en so aan ons Afrikaanse taal waarde voeg.

Ons hoop dat jy weer sal gaan wegraak in ons wonderlike Afrikaanse stories en vanjaar se tema sal geniet.

***Fluit-fluit my storie is uit.***

Ns. Ouma, hoekom is Ouma se oë so groot?  Om jou beter te kan sien my kind ...

Ons hoop om jou inskrywing vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo te sien.

## 5. SPERDATUM

Alle inskrywings moet teen **12 Julie 2021** ingehandig wees. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.

## 6. INSKRYWINGSGELD

Geen inskrywingsgeld word gevra nie.

## 7. VERSKILLENDE FASES VAN BEOORDELING

| | |
|---|---|
| Inskrywings moet in wees teen: | **12 Julie 2021** |
| Nasionale beoordeling: | **19 Julie – 16 Augustus 2021** |
| Punte word bekendgemaak: | **23 Augustus 2021** |
| Deelnamesertifikate word versend: | **September 2021** |
| Wenners word bekendgemaak: | **FLINK – September-uitgawe (15 September)** |

## 8. BEOORDELING EN ERKENNING

Leerders word volgens ouderdomsgroepe beoordeel. In elke afdeling en elke kategorie volgens die ouderdomsgroepe sal 'n wenner aangewys word. Die organiseerders behou egter die reg voor om, indien daar na hulle mening te min inskrywings in 'n kategorie is of as die standaard nie hoog genoeg is nie, nie 'n wenner in die spesifieke kategorie aan te wys nie.

Slegs nasionale beoordeling sal plaasvind. Die beoordelaars werk volgens 'n rubriek vir elke kategorie.

- 'n Deelnamesertifikaat word aan elke deelnemer gegee, wat by skole se prysuitdelings oorhandig kan word.
- Kategoriewenners ontvang pryse.
- Die wenskool ontvang R10 000. Die wenskool sal volgens 'n formule bepaal word. Die volgende sal bv. in ag geneem word: persentasie inskrywings, hoeveelheid wenners, deelname aan verskeidenheid kategorieë.
- Skole en wenners van die afdelings kry mediablootstelling.
- Algehele wenners se finale punt moet 'n minimum van 90% wees.

- Vier algehele wenners sal aangewys word:
  - Junior fase (Graad 1 tot Graad 7) twee wenners – Eerste- en tweedetaalsprekers
  - Senior fase (Graad 8 – Studente) twee wenners – Eerste- en tweedetaalsprekers
- Hierdie leerders/studente is die uitblinkers wat die **tema** die beste beskryf het, of dit nou deur ’n foto, opstel of gedig was. Die wenners ontvang 'n wisseltrofee en R 2 000. Die wenners se skool ontvang ook R 2 000.00.

## 9. ALGEMENE REËLS:

- Alle inskrywings moet die leerder/student se eie werk wees.
- Sou plagiaat gepleeg word, sal die inskrywing nie aanvaar word nie.
- Slegs skilderkuns en tekenkuns mag per hand ingedien word.
- Dagboekinskrywings, resensies, fotografie, opstelle, gedigte, kortverhale, voordrag, poësie en prosa moet aanlyn ingeskryf word by **ekspo.fak.org.za**. Geen van hierdie kategorie-inskrywings sal per hand of per e-pos aanvaar word nie.
- Indien meer as een inskrywing vir 'n kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 gedigte skryf), moet elke inskrywing **<u>apart</u>** aanlyn ingestuur word.
- Maak seker dat al die inligting wat verskaf word op die aanlyn inskrywingsblad asook op die inskrywingsvorm korrek is. Ons stuur bv. die punte d.m.v. e-posse aan al die deelnemers en onderwysers; sou die e-posadres verkeerd wees, sal die punte nie die regte persone bereik nie.

## 10. WEBBLAD-INSKRYWINGS:

- Aanlyn inskrywings word by **ekspo.fak.org.za** ingeskryf.
- Maak seker dat al die inligting wat verskaf word op die aanlyn inskrywingsblad asook op die inskrywingsvorm korrek is. Ons stuur bv. die punte d.m.v. e-posse aan al die deelnemers en onderwysers; sou die e-posadres verkeerd wees, sal die punte nie die regte persone bereik nie.
- Maak asb. seker dat die leerder/student se inligting korrek is en met skryftekens ingevul word. Hierdie inligting word net so op die sertifikaat gebruik. As die inligting foutiewelik ingevul word, sal daar foute op die sertifikaat wees.
- **Die skool se fisiese adres** – Dit is belangrik dat die leerder se skool se inligting korrek ingevul word; die skool se straatadres moet by die adres ingetik word. Die sertifikate word slegs na die leerder se skooladres gestuur.
- **Tuisonderrig en universiteitstudente** – Hierdie leerders en studente moet hulle fisiese huisadres volledig invul.
- Maak seker dat elke inskrywing 'n titel het. Hierdie titel moet ook ingevul word by “Titel”.
- Maak seker dat die korrekte kategorie gekies word.

**WENK:** **Bo-aan jou werkstuk/inskrywing:**
Naam en van
Graad/jaar
Afrikaans eerste taal (huistaal)/Afrikaans tweede taal (addisionele taal)
Kategorie
Titel

## 11. NAVRAE

Samantha Müller - 079 294 9817 (beskikbaar op WhatsApp!)
Lieandri Ackermann - 081 770 5016 (beskikbaar op WhatsApp!)
ekspo@fak.org.za

# Dagboekinskrywings

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word:
  - **Naam en van**
  - **Graad/jaar**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die dagboekinskrywing(s) in **pdf-, jpeg- of Word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 dagboeke skryf), moet elke inskrywing apart **aanlyn** ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

**Graad 6**:

- 'n Dagboek is 'n uitbeelding van **daaglikse gebeurtenisse**.
- Die dagboekinskrywing moet in die **eerste persoon** verskyn.
- Lengte: **60-80 woorde**

**Graad 7:**

- 'n Dagboek is 'n uitbeelding van **daaglikse gebeurtenisse**.
- Die dagboekinskrywing moet in die **eerste persoon** verskyn.
- Lengte: **70-90 woorde**

**Graad 8:**

- 'n Dagboek is 'n uitbeelding van **daaglikse gebeurtenisse**.
- Die dagboekinskrywings moet in die **eerste persoon** verskyn.
- Lengte: **80-100 woorde**

**Graad 9:**

- 'n Dagboek is 'n uitbeelding van **daaglikse gebeurtenisse**.
- Die dagboekinskrywings moet in die **eerste persoon** verskyn.
- Lengte: **90-110 woorde**

**Graad 10-12 en studente:**

- Doen **navorsing** oor 'n persoon.
- Lees **outobiografieë** voor jy 'n persoon kies.
- Die dagboekinskrywings moet in die **eerste persoon** verskyn.
- Daar moet ten minste **6 dae** se inskrywings verskyn.
- Gee 'n **volledige bibliografie** van tydskrifte ens. wat geraadpleeg is. Gebruik die metode wat julle in die skool/op universiteit leer.
- Vereiste lengte: **200-300 woorde**

## 2. WENKE

- Voorsien die dagboek van 'n **voorblad en 'n titel.**
- Die **dag en datum** moet altyd boaan die inskrywing wees.
- Skryf altyd in die eerste persoon.
- Skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd gebeur het, maar teenwoordige tyd vir gebeure wat "vandag" gebeur.
- Gebruik woorde soos "vandag, gister en môre".
- In dagboekinskrywings word nie net beskryf wat die spesifieke dag gebeur het nie, maar ook hoe die skrywer daaroor **voel**.
- Vrae en wense is 'n doeltreffende manier om gevoelens oor te dra.
- Dit is 'n **intieme, persoonlike weergawe** van jou belewenisse en gevoelens, daarom moet dit eerlik wees en 'n paslike atmosfeer skep.
- Die inskrywing moet 'n **bepaalde idee, ervaring of weergawe** van 'n besondere gebeurtenis, reiservarings, ens. wees.
- Die inskrywing moet slegs bestaan uit die dagboekinskrywing en **nie 'n agtergrond, inleiding en slot bevat nie.**
- Skenk aandag aan die **persoonlike idiolek en skryfstyl** van die persoon wie se dagboekinskrywings weergegee word.
- **Werk met treffende woordkeuse, natuurverwysings, beeldspraak, teenstellings, ooreenkomste en emotiewe taalgebruik** om 'n meer intieme atmosfeer te skep.
- 'n Dagboekinskrywing kan ook in die vorm van 'n **informele brief** wees. Dit is nie nodig om met "Liewe Dagboek" te begin nie.
- In 'n dagboekinskrywing word **nie noodwendig altyd volsinne gebruik nie** omdat die aantekeninge aan jouself gerig is. 'n Sin kan natuurlik ook uit slegs een woord bestaan.
- Noem familie en vriende op die naam.

## 3. OPDRAG

**Graad 6 en 7:**

- 'n Dagboekinskrywing oor enige tema wat jy hierdie jaar al in die klas gedoen het.
  **OF**

- Skryf 'n dagboekinskrywing met die tema in gedagte, onthou om na die riglyne op bladsy 3-4 te kyk.

**Graad 8 en 9:**

- 'n Dagboekinskrywing oor enige tema wat jy hierdie jaar al in die klas gedoen het.
  **OF**
- Skryf 'n dagboekinskrywing met die tema in gedagte, onthou om na die riglyne op bladsy 3-4 te kyk.

**Graad 10 tot 12 en studente:**

- Skryf 'n minimum van 4 dagboekinskrywings en 'n maksimum van 6 dagboekinskrywings met die tema in gedagte, onthou om na die riglyne op bladsy 3-4 te kyk.

## Beoordeling vir die dagboekinskrywings sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

| | |
|---|---|
| **Vertelinstansie / Vertellerperspektief** __ /10 | • Is die vertelinstansie in die eerste persoon?<br>• Is daar breuke in fokalisering?<br>• Rig die verteller die persepsie van die leser?<br>• Word die verteller/dagboekskrywer as 'n werklike persoon uitgebeeld?<br>• Kan 'n mens 'n geheelindruk kry van die verteller se persoonlikheid? |
| **Tyd en ruimte** __ /10 | • Is daar sinvolle plasing van tyd/ruimte?<br>• Dra die tyd en ruimtebeelding by tot 'n sinvolle geheel van die dagboekinskrywings?<br>• Word die tydvak waarin die dagboekskrywer geleef het/leef realisties aangebied? |
| **Elemente van dagboekinskrywing** __ /10 | • Is daar 'n persoonlike en intieme toon?<br>• Is daar eenheid en koherensie in die inskrywings?<br>• Is die skrywer bewus van 'n historiese bewussyn?<br>• Hou die taalgebruik verband met die historiese periode van die dagboekskrywer? |
| **Gebeure** __ /10 | • Is die gebeure geloofwaardig en natuurlik?<br>• Het die inskrywing 'n logiese verloop, m.a.w. is daar 'n narratiewe struktuur/verhaallyn?<br>• Is daar wisselwerking tussen handeling en gebeurtenisse (oorsaak en gevolg)?<br>• Dra die gebeure by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal?<br>• Is die gebeure outentiek? |
| **Tegniese versorging** __ /10 | • Is die teks taalversorg?<br>• Spelling?<br>• Is goeie Afrikaans gebruik?<br>• Dra taal en styl by tot die dagboek se leesbaarheid?<br>• Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk?<br>• Is daar oorspronklike sinsbou, foutlose paragrafering, goeie struktuur?<br>• Is die bibliografie voldoende (indien van toepassing)?<br>• Aanbieding van die dagboek? Kreatiwiteit? |
| **Totaal** | ............... uit 50 |



# Resensiè

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word:
  - **Naam en van**
  - **Graad/jaar**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die resensie in **pdf-, jpeg- of Word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 resensies skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- Vir leerders met Afrikaans as Huistaal of Afrikaans Eerste Addisionele Taal op skool.
- **Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:**
  - 100 en 180 woorde vir graad 6 tot 9
  - 180 en 200 woorde vir graad 10 tot 12 en studente
- **Vir Afrikaans met Afrikaans as Eerste Addisionele Taal:**
  - 80 en 120 woorde vir graad 6 tot 9
  - 120 en 150 woorde graad 10 tot 12 en studente
- Voorsien die resensie van 'n **treffende titel**.
- Skryf die **aantal woorde** van die resensie onderaan die inskrywing.

## 2. WENKE

- Word 'n boekwurm! Hoe meer jy lees, hoe makliker sal dit vir jou word om boekresensies te skryf. Vra jou vriende watter lekker boeke hulle onlangs gelees het, of maak 'n draai in die biblioteek of 'n boekwinkel en soek boeke oor dinge waarin jy regtig belang stel. Dis lekkerder om oor 'n boek te skryf waarvan jy gehou het!
- Moenie 'n resensie probeer skryf oor 'n boek wat jy nie gelees het nie of 'n fliek wat jy nie gesien het nie of 'n CD waarna jy nie geluister het nie. Jy gaan beslis uitgevang word.
- Besoek fak.org.za/flink vir voorbeelde van resensies.

## 3. OPDRAG

Skryf 'n resensie oor enige Afrikaanse boek, Afrikaanse film of Afrikaanse CD wat jy onlangs gesien, geluister of na gekyk het.

**Beoordeling vir die resensie sal na aanleiding van die volgende gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **Inhoud** **__ /20** | • Is daar 'n duidelike tema?<br>• Is die resensie onderwerpgerig?<br>• Is genoegsame agtergrond ingewin?<br>• Word die inhoud logies opgebou, m.a.w. het dit 'n inleiding en slot? |
| **Tegniese versorging** **__ /20** | • Is die formaat van die resensie reg?<br>• Is die resensie goed gestruktureer?<br>• Is die teks taalversorg?<br>• Is goeie Afrikaans gebruik?<br>• Is die titel treffend? |
| **Geheelindruk** **__ /10** | • Toon die leerder helder denke?<br>• Is daar 'n duidelike boodskap?<br>• Is dit 'n geslaagde aanbieding?<br>• Is die onderwerp effektief? Sal dit aandag trek?<br>• Gee die leerder 'n duidelike beoordelende mening? |
| **Totaal** | ............... uit 50 |

# Opstel



## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word:
  - **Naam en van**
  - **Graad/jaar**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie: Opstel (verhalend) (beskrywend) (beredenerend).**
  - **Titel**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die opstel in **pdf-, jpeg- of Word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 beredenerende opstelle; of 1 verhalende en 1 beskrywende opstel skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- **Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:**
  - 150-200 woorde vir graad 6 en 7
  - 200-250 woorde vir graad 8 en 9
  - 300-450 woorde vir graad 10 tot 12 en studente
- **Vir leerders met Afrikaans as Eerste Addisionele Taal:**
  - 100 en 150 woorde vir graad 6 en 7
  - 150 en 200 woorde vir graad 8 en 9
  - 200 en 250 woorde vir graad 10 tot 12 en studente
- Voorsien die opstel van 'n **titel**.

- Skryf die **aantal woorde** van die opstel neer.
- Die opstel mag verhalend, beskrywend of beredenerend wees. **Dui** op die inskrywingsvorm **aan watter tipe opstel geskryf is**.

## 2. WENKE

**Beredenerende opstel**

- Dit handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt ingeneem word.
- **BEIDE** kante van die standpunt moet beredeneer word, waarna 'n eie mening gegee word.
- Dit moet objektief wees.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking word bereik.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.
- Doen goeie navorsing.

**Beskrywende opstel**

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings, deeglike beskrywings.)
- Tekste kan varieer van realisties na 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word.
- Plekke, gebeure en karakters word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op 'n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**Verhalende opstel**

- Hierdie opstel handel oor iets wat gebeur en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- Dit word opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend, interessant en samehangend.
- Die vertel-/storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word vereis.
- 'n Verrassende slot word vereis.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

## 3. OPDRAG

- Skryf 'n opstel van jou keuse of oor enige tema wat jy in die klas gedoen het.
  **OF**
- 'n Opstel oor die tema. Onthou om na die riglyne op bladsy 3-4 te kyk.

**Beoordeling vir die verhalende, beskrywende en beredenerende opstel sal na aanleiding van die volgende gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **Organisasie en struktuur** __ /15 | • Is die doel met die inleiding bereik?<br>• Bevat die struktuur 'n logiese ordening en opbou van inhoud?<br>• Is die slot treffend met 'n gepaste samevatting? |
| **Inhoud en aanbieding** __ /15 | • Is die inhoud genoegsaam en kreatief?<br>• Is daar 'n logiese redenering vanaf die inleiding tot die slot?<br>• Is die inhoud oortuigend?<br>• Dra die inhoud by tot die opbou van die onderwerp? |
| **Onderwerp** __ /10 | • Is die onderwerpsformulering geslaagd?<br>• Voldoen dit aan die eienskappe van die tipe opstel? |
| **Tegniese versorging** __ /10 | • Is die teks taalversorg?<br>• Spelling?<br>• Is goeie Afrikaans gebruik?<br>• Dra taal en styl by tot die opstel se leesbaarheid?<br>• Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk?<br>• Voldoen die inskrywing aan al die vereistes?<br>• Is erkenning gegee aan navorsing of aanhalings? |
| **Totaal** | ............... uit 50 |



# Kortverhaal

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling (graad 6-7), in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word;
  - **Naam en van**
  - **Graad/jaar**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die kortverhaal in **pdf-, jpeg- of Word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 kortverhale skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- **Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:**
  - 1000 tot 1500 woorde vir graad 6 en 7
  - 1500 tot 2000 woorde vir graad 8 en 9
  - 2000 tot 3000 woorde vir graad 10 tot 12 en studente
- **Vir leerders met Afrikaans as Addisionele Taal:**
  - 500 tot 1000 woorde vir graad 6 en 7
  - 1000 tot 1500 woorde vir graad 8 en 9
  - 1500 tot 2000 woorde vir graad 10 tot 12 en studente
- Skryf die **aantal woorde** van die kortverhaal onderaan die inskrywing.

## 2. WENKE

- Die **lengte** verskil van 'n novelle of roman.
- **Een karakter, gebeurtenis** of aspek word belig. Gee aandag aan die karakterisering en die ontwikkeling van die karakters.
- 'n Kortverhaal se krag lê in **intensiteit, suggestie, spanning**.
- Die **begin en die slot** is treffend.
- **Ontwikkeling** speel 'n rol in 'n kortverhaal; oortuigende verklarings vir oorsaak en gevolg.
- Dit behoort tot die epiek (**epies = verhalend**; dramaties = handeling; liries = stemming/gevoel).
- Dit bevat die vier **verhaalelemente**: karakterbeelding, vertellingshoek, tyd en ruimte.
- Gee 'n **titel** vir die kortverhaal.


## 3. OPDRAG

- Skryf 'n kortverhaal van jou keuse, maar hou ook die tema in gedagte.

### Beoordeling vir die kortverhaal sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

| | |
|---|---|
| **Vertelinstansie** __ /10 | • Is die gekose vertelinstansie (ek-/alwetende verteller) funksioneel?<br>• Rig die verteller die persepsie van die leser? |
| **Tyd en ruimte** __ /10 | • Is daar sinvolle plasing van tyd/ruimte?<br>• Skep/ondersteun tyd en ruimte die verhaalatmosfeer?<br>• Ondersteun die tyd en ruimte die gebeure/karakterisering?<br>• Dra die tyd en ruimtebeelding by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal? |
| **Karakter** __ /10 | • Is karakterbeelding realisties?<br>• Vind daar karakterontwikkeling plaas?<br>• Is daar 'n logiese verhouding tussen karakteropenbarende handeling en gebeure?<br>• Is die verskil tussen hoof- en newekarakters duidelik?<br>• Is die newekarakters funksioneel? |
| **Gebeure** __ /10 | • Het die verhaal 'n logiese verloop, m.a.w. is daar 'n narratiewe struktuur/verhaallyn?<br>• Is daar sprake van eksposisie, ontwikkeling, klimaks en afloop (spanningslyn)?<br>• Is daar wisselwerking tussen handeling en gebeurtenisse (oorsaak en gevolg)?<br>• Dra die gebeure by tot 'n sinvolle geheel van die verhaal? |
| **Tegniese versorging** __ /10 | • Is die teks taalversorg?<br>• Is die verhaal die regte lengte?<br>• Spelling?<br>• Is goeie Afrikaans gebruik?<br>• Dra taal en styl by tot die verhaal se leesbaarheid?<br>• Is die taalgebruik nuut/opwindend/beeldryk?<br>• Is daar oorspronklike sinsbou, foutlose paragrafering, goeie struktuur? |
| **Totaal** | ............... uit 50 |

# Poësie



## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling **(graad 1-7)**, in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die volgende inligting aangebring word;
  - **Naam en van**
  - **Graad/jaar**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Heg die gedig in **pdf-, jpeg- of Word-formaat** aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 gedigte skryf), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- **Geen prente en/of sketse** word toegelaat nie!
- **Geen bundels** mag ingestuur word nie. Gedigte moet apart hanteer word.
- Gee **'n titel** vir jou gedig.

## 2. WENKE

- **Lees baie poësie**.
- **Eenheidsindruk en eenheidseffek** is baie belangrik.
- **Vermy oordrewe emosie, sentimentaliteit**.
- **Vermy rymelary** – blote herhaling van betreklik niksseggende rymwoorde.
- Goeie rymwoorde rym nie net nie, hulle verskil ook; hulle bevat **iets vreemds en anders**.

- Gee aandag aan die **afsluiting** van die gedig.
- Probeer **sterk, konkrete beelde** gebruik.
- **Konkrete taal**, wat naby aan die alledaagse lewe en alledaagse ervaring lê, is baie belangrik.
- Woordgebruik moet **kreatief** wees.

## 3. OPDRAG

- Skryf 'n oorspronklike Afrikaanse gedig oor enige onderwerp.
  **OF**
- Skryf 'n oorspronklike Afrikaanse gedig met BOEKE as die onderwerp.

### Beoordeling vir die poësie sal na aanleiding van die volgende gedoen word:

| | |
|---|---|
| **Klank/rym** **__ /15** | • Is die gedig in totaal melodieus/soetklinkend?<br>• Indien klanknabootsing of beeldspraak voorkom, is dit funksioneel en effektief?<br>• Word van assonansie, alliterasie gebruik gemaak? Is klankherhaling effektief?<br>• Is die klank ondersteunend tot die geheel van die gedig?<br>• Is die gedig "beweeglik"/nie staties nie?<br>• Indien enige rym voorkom, is dit natuurlik?<br>• Is daar rymdwang? Is dit funksioneel?<br>• Dra die klank/ritme/rym by tot die atmosfeer/toon van die gedig? |
| **Woordgebruik, verstegniek, titel, leestekens en beeldspraak, bv. metafore, personifikasie, vergelyking en simboliek** **__ /20** | • Is daar vernuwende woordspeling teenwoordig of is die woordgebruik geyk/alledaags?<br>• Dra die woordgebruik by tot die atmosfeer/toon van die gedig?<br>• Is daar te veel verkleinwoorde?<br>• Dra die woordspeling by tot die hooftema/onderwerp van die gedig?<br>• Is die sinsbou funksioneel (kom daar inversie, enjambemente voor)?<br>• Indien die gedig van 'n titel voorsien is, is die titel gepas en funksioneel of doen die titel afbreuk aan die gedig?<br>• Word leestekens sinvol aangewend?<br>• Indien enige beeldspraak voorkom, is dit funksioneel?<br>• Is goeie Afrikaans gebruik? |
| **Tema (inhoud)** **__ /10** | • Is daar 'n vaste tema in die gedig?<br>• Dra die outeur kennis van die onderwerp/tema?<br>• Bepaal die inhoud die toon van die gedig?<br>• Is die gediginhoud genoegsaam epies/liries/dramaties van aard? |
| **Geheelindruk** **__ /5** | • Die beoordelaar se eie oordeel m.b.t. die gedig se geheel word hier aan die dag gelê. |
| **Totaal** | .............. uit 50 |

# Voordrag

(STILSTAANDE PROSA EN POëSIE)

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling **(graad 1-7)**, in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die **aanlyn** inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Stoor die voordrag-video in 'n **MP4-formaat** en heg aan.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 voordragte lewer), moet elke inskrywing apart aanlyn ingestuur word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- Dis **stilstaande** prosa of poësie, dus mag **geen rekwisiete of gebare** gebruik word nie.
- Die prosa of poësie moet **ouderdomstoepaslik** wees.
- Die prosa of poësie moet **gememoriseer** word en mag nie afgelees word nie.
- Die leerders mag **slegs swart drag of skoolklere** dra, geen kostuums nie.
- Video's mag nie **geredigeer** word nie.
- Video's vir prosa of poësie mag nie die tydlimiet soos per ouderdomsgroep oorskry nie:
  - **Graad 1-7:** 2 minute
  - **Graad 8-9:** 3 minute
  - **Graad 10-12 en studente:** 4 minute

## 2. WENKE

- Plaas jou foon of videokamera eerder op 'n **staander** dat jou beeld mooi vertoon.
- Wanneer jy die video neem, staan **teen 'n skoon agtergrond** (soos 'n wit muur).
- Sorg dat daar **nie te veel lig** is nie, ons wil jou gesig kan sien, nie 'n silhoeët nie.
- Neem 'n **kop en skouerskoot** dat gesigsuitdrukkings gesien kan word.
- Maak seker jy is **duidelik hoorbaar** voordat jy jou video instuur.
- Onthou jy praat met 'n **lewendige gehoor**, so kyk in die kamera in.
- Prosa is 'n **storie of verhaal** wat vertel word.
- Daar is **gewoonlik meer as een karakter en verteller** ter sprake in 'n prosastuk.
- Die **verteller** van die storie is die belangrikste deel van die prosa.
- **Onthou!** 'n Verhaal het gewoonlik 'n begin, ontwikkeling, klimaks, afloop en 'n einde.

- 'n Gedig kan aan sy **tipografie** herken word. Anders as prosa het gedigte kort reëls.
- Maak gebruik van jou **gesigsuitdrukkings** om die storie te vertel.
- Gebruik die **tema** wat gegee word **tot jou voordeel** en geniet dit.
- Moenie vaskyk in die tema boeke nie, **dink 'n bietjie vernuwend**.

## 3. OPDRAG

- Lewer 'n Afrikaanse stilstaande prosa of poësie oor enige onderwerp.
  **OF**
- Lewer 'n Afrikaanse stilstaande prosa of poësie met BOEKE as die onderwerp.

**Beoordeling vir die prosa en poësie sal na aanleiding van die volgende gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **Voordrag** **__ /20** | • Is daar van gesigsuitdrukkings gebruik gemaak om die storie te vertel?<br>• Ontbreek die karakters (by prosa)?<br>• Is daar van enige rekwisiete of bewegings gebruik gemaak? (punte word daarvoor afgetrek).<br>• Word die gehoor vasgevang met die poësie of prosa wat voorgedra word?<br>• Is die deelnemer ontspanne en gemaklik op die verhoog? |
| **Tempo en vokale verskeidenheid** **__ /15** | • Word daar van goeie projeksie en artikulasie gebruik gemaak?<br>• Word stem gebruik om die verskillende emosies en karakters reg oor te dra?<br>• Is die uitspraak duidelik?<br>• Sluit die stem 'n variasie van toonhoogte, tempo, volume en toonkonsekwentheid in?<br>• Is woorde duidelik sodat die gehoor maklik kan luister en verstaan? |
| **Tema (inhoud) en algemene vereistes** **__ /10** | • Is die prosa of poësie ouderdomstoepaslik?<br>• Ken die deelnemer die prosa en poësie vlot?<br>• Is die video's binne die gegewe tydlimiet?<br>• Is die prosa of poësie wat gelewer word relevant? |
| **Geheelindruk** **__ /5** | • Die beoordelaar se eie oordeel m.b.t. die prosa of poësie se geheel word hier aan die dag gelê. |
| **Totaal** | .............. uit 50 |



# Fotografiè

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling **(graad 6-7)**, in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat 2 foto's inskryf), moet elke inskrywing apart ingestuur word, elk met 'n afsonderlike inskrywingsvorm.
- Hierdie kategorie word vanaf 2021 ook aanlyn ingeskryf. Die foto moet in **jpeg-formaat** aangeheg word.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- Foto's moet **self geneem** wees. **GEEN internetfoto's** word toegelaat nie.
- Die **datum en plek** waar die foto('s) geneem is **EN** die **tipe kamera of selfoon** wat gebruik is, moet ingevul word.
- **Die foto('s) mag nie digitaal gemanipuleer word, bv. deur Photoshop nie.**
- Gee 'n titel vir jou foto.

## 2. OPDRAG

- Neem 'n enkelfoto wat BOEKE uitbeeld.
  - In geen geval moet die hele "BOEKE"-item afgeneem en aangebied word nie, maar dit wat in beeld en fokus is, moet sodanig wees dat die item sonder veel moeite geïdentifiseer kan word deur die kyker.
  - Fokus meer op detail as op die hele item.
  - Die toepassing van die fotografiese "reël van derdes" word aanbeveel.

**Beoordeling vir die foto sal na aanleiding van die volgende gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **Interpretasie** __ /10 | • Is die foto 'n gepaste voorstelling van boeke wat uitgebeeld word?<br>• Toon die visuele teks die leerder se vermoë om 'n nuwe teks te skep?<br>• Intertekstualiteit en die intertekstuele gesprek moet verskyn. |
| **Visuele elemente** __ /10 | • Die gebruik van:<br>- lyn en vorm<br>- toonwaarde en/of kleurgebruik<br>- volume en ruimte<br>- tekstuur<br>- proporsie en komposisie |
| **Ontwerpbeginsels** __ /15 | • Beweging, ritme en rigting<br>• Skaal en die plasing van vorms<br>• Kontras<br>• Visuele gewig<br>• Uitbeelding van fisiese gewig (van objekte, voorwerpe, ens.)<br>• Spanning |
| **Gekose media en styl** __ /15 | • Tegniek van kamera<br>• Vaardigheid in fotografie<br>• Karakter van visuele teks (bv. kragtig, sensitief, ens.)<br>• Gepastheid van styl t.o.v. gekose teks en visuele interpretasie |
| **Totaal** | .............. uit 50 |

# Kuns

(SKILDERKUNS EN TEKENKUNS)

## 1. VOORSKRIFTE

### 1.1 Algemene voorskrifte:

- 'n Leerder/student mag in **een of meer** kategorieë deelneem.
- 'n Leerder skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in die laerskoolafdeling **(graad 1-7)**, in die junior afdeling (graad 8-9) óf in die senior afdeling (graad 10-12). Studente moet aandui watter jaar hulle is, eerste jaar, tweede jaar, derde jaar, vierde jaar of nagraads.
- **NB! NB! Dieselfde inskrywings mag NIE meer as een keer (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet werk wees wat hierdie jaar gedoen is.**
- **Alle inskrywings moet die leerder/student se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk wees.**
- **LET WEL! Die beoordelaars se beslissing is finaal.** *Geen telefoniese of skriftelike kommunikasie sal gevoer word nie. Geen inmenging deur ouers of onderwysers mag ten opsigte van beoordeling plaasvind nie.*

### 1.2 Voorskrifte vir die hantering van 'n inskrywing:

- Die teksgedeelte van die inskrywings moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font: Calibri**
  - **Lettergrootte: 12**
  - **Spasiëring: 1½**
  - **Kantlyne: 20 mm rondom**
- Die inskrywingsvorm moet **volledig ingevul** word.
- Indien meer as een inskrywing vir hierdie kategorie ingeskryf word, moet elke inskrywing apart ingestuur word, elk met 'n afsonderlike inskrywingsvorm.

### 1.3 Spesifieke voorskrifte

- Pastel, verf en kleurpotlode word aanvaar.
- Gemengde media en verf word ook aanvaar.
- Skildery mag nie kleiner wees as A3 nie.
- Tekenkuns mag nie kleiner wees as A4 nie.
- Montering mag nie groter wees as A2 of A3 nie.
- Geen voorstellings wat A5 is, word toegelaat nie.
- **Skryf ook 'n paragraaf van 100-120 woorde om jou inskrywing te verduidelik. Hoekom het jy die spesifieke item gekies? Waaraan laat dit jou dink? Watter gevoelens kweek dit?**

## 2. OPDRAG

- Maak 'n skildery waarin jy die tema BOEKE uitbeeld.

  **OF**
- Teken 'n kunswerk waarin jy die tema BOEKE uitbeeld.

**Beoordeling vir die skilder- en tekenkuns sal na aanleiding van die volgende gedoen word:**

| | |
|---|---|
| **Keuse en gebruik van materiaal/tegnieke** **__ /10** | • Geskiktheid van materiaal en tegniek volgens die konsep<br>• Veilig en hanteerbaar<br>• Tegniese vaardigheid |
| **Gebruik van formele kunselemente** **__ /10** | • Die belangrikheid van kunselemente en kunsbeginsels, soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, harmonie, proporsie en komposisie |
| **Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering** **__ /10** | • Ontwikkeling van nuwe en unieke reaksies/oplossings |
| **Interpretasie – 'n praktiese implementering van navorsing** **__ /10** | • 'n Persoonlike interpretasie van die tema<br>• Eksperimentering<br>• Pak nuwe uitdagings aan |
| **Voltooiing en aanbieding van kunswerk** **__ /10** | • Aandag aan detail<br>• Aanbieding volgens taak |
| **Totaal** | .............. uit 50 |

# INTERNASIONALE **AFRIKAANS-EKSPO 2021**
## SKILDER- EN TEKENKUNS INSKYWINGSVORM

**Hierdie vorm moet aan elke Skilder- of Tekenkuns geheg word. Die kunswerk sal nie aanvaar word sonder hierdie vorm nie. Die vorm moet volledig voltooi word sodat ons kan verseker dat die kunswerk teruggestuur kan word.**

Naam van skool/universiteit: ......................................................................................................................

### Inligting van leerders/studente

Naam en van: ............................................................................................................. Geslag: ..........................

Graad of jaar: ........................................................... Huistaal: ..........................................................................

Selnommer van leerder: ......................................... E-pos van leerder: ....................................................

Straatadres (nie posadres nie): ...............................................................................................................

Aard van inskrywings:

☐ **TEKENKUNS**

☐ **SKILDERKUNS**

Titel van inskrywing: ..................................................................................................................................

### Inligting van ouer(s)/voog(de) (indien minderjarig/skolier)

Ouer(s)/voog(de) naam en van: ..............................................................................................................

Selnommer van ouer(s)/voog(de): ............................................................................................................

E-pos van ouer(s)/voog(de): ......................................................................................................................

### Inligting van kontak by skool

Kontakpersoon by skool: ..........................................................................................................................

Selnommer van kontakpersoon: ..............................................................................................................

E-pos van kontakpersoon: ........................................................................................................................

Skool se straatadres (nie posadres nie): ...................................................................................................

**Skryf ook 'n paragraaf van 100-120 woorde om jou kunswerk te verduidelik. Hoekom het jy die spesifieke item gekies? Waaraan laat dit jou dink? Watter gevoelens kweek dit?**